1 Oktober 2021
Filippense 2:19-30
Oordenking: Timoteus en Epafroditos. (Filippense 2:25-30)
Timoteus en Epafroditos is vir ons voorbeelde van hoe 'n Christen moet leef. Timoteus was opreg besorg oor diegene wat hy gedien het en hy was baie getrou in die werk van die Here. Epafroditos was ook getrou in die werk van die Here - hy het selfs sy lewe ter wille van Christus gewaag. Ware dissipelskap vra daardie soort self-opoffering. In ons diens aan ander, moet ons die voorbeeld van hierdie dienaars van God volg.

2 Oktober 2021
Filippense 3:1-21
Oordenking: Streef na die doel. (Filippense 3:12-14)
Paulus sê dat dit sy doel is om Christus te ken, soos Hy te wees en te leef soos wat Christus graag wil hê hy moet leef. Hy bestee al sy krag aan die najaag van hierdie doel. Dit is vir ons 'n voorbeeld. Ons mag nie toelaat dat enigiets ons aandag van Christus, ons doel, aftrek nie. Ons moet, net soos 'n atleet wat vasberade aan die oefen is, afsien van alles wat nadelig is - en selfs van goeie dinge wat ons aandag van ons einddoel kan aftrek.

3 Oktober 2021
Filippense 4:1-23
Oordenking: Dink aan dit wat mooi en rein is. (Fillippense 4:8)
Die dinge wat in ons woorde en dade uitkom, is dit wat ons in ons gedagtes laat ingaan. Paulus sê dat ons moet dink aan dit wat waar, edel, reg, rein, mooi en prysenswaardig is. Moet jy dalk stry teen onsuiwer gedagtes en dagdrome? Gaan ondersoek dit wat jy deur middel van televisie, boeke, rolprente en tydskrifte in jou gedagtes laat ingaan. Vervang nadelige dinge met gesonde en positiewe dinge. En die belangrikste hiervan is dat jy God se Woord moet lees en moet bid. Vra vir Hom om jou te help om jou gedagtes te rig op dit wat goed en reg is. Jy sal moet oefen om dit reg te kry - maar dit kán gedoen word.

4 Oktober 2021
Kolossense 1:1-20
Oordenking: Bid vir mekaar. (Kolossense 1:9-11)
Ons wonder soms hoe ons vir sendelinge en ander leiers wat ons nog nooit ontmoet het nie, moet bid. Paulus het nog nie die Kolossense ontmoet toe hy dié brief geskryf het nie, maar hy het getrou vir hulle gebid. Uit sy gebede leer ons ook hoe om vir ander te bid, of ons hulle nou ken, of nie. Ons kan vra dat hulle (1) God se wil sal verstaan, (2) in geestelike insig sal groei, (3) so sal leef dat hulle God sal bly maak en verheerlik, (4) goeie dade teenoor ander sal doen, (5) God beter en beter sal leer ken, (6) met God se krag vervul sal word, (7) sal vasstaan in die geloof, (8) vol van Christus se vreugde sal bly, en (9) altyd dankbaar sal wees. Alle gelowiges het hierdie basiese behoeftes. Dink aan Paulus se gebed vir die Kolossense as jy nie weet hoe om vir iemand te bid nie.

5 Oktober 2021
Kolossense 1:21-2:5
Oordenking: Vermaning teen misleiding. (Kolossense 2:4)
Die probleem waarmee Paulus hier in die gemeente van Kolosse moes worstel, was verwant aan Gnostisisme (afgelei van die Griekse woord vir "kennis"). Hierdie dwaalleer het die Christendom op 'n paar terreine aangeval: (1) Daarvolgens is belangrike geheime van die meeste gelowiges af weggehou. Daarteenoor sê Paulus dat ons in Christus alles sien wat nodig is ten opsigte van God se voorsienigheid. (2) Die Gnostisisme het beweer dat die liggaam sleg is. Paulus sê egter dat God self 'n aardse liggaam gehad het - Jesus Christus het Hom vergestalt. (3) Hulle wou ook te kenne gee dat Christus wel menslik gelyk het, maar nie menslik was nie. Paulus het volgehou dat Jesus volkome menslik en volkome goddelik is.
Die Gnostisisme was 'n modegier van die tweede eeu. Hierdie gedagtes het selfs in Paulus se tyd goed geklink en hulle kon 'n kerk wat nie goed onderlê was in die Christelike leer nie, maklik mislei. Daar is vandag nog sekere aspekte van hierdie dwaalleer wat vir talle in die kerk probleme skep. Die enigste teenmiddel vir dié soort dwalinge, is dat ons God se Woord goed moet ken. Ons moet dit persoonlik bestudeer, en sorg dat ons ook daarin onderrig word.

6 Oktober 2021
Kolossense 2:6-23
Oordenking: Moenie slawe van die wet word nie. (Kolossense 2:20-23)
Ons kan God nie bereik deur reëls en rituele na te kom of godsdienstig te leef nie. Paulus sê nie hier dat alle reëls sleg is nie. Maar wetsonderhouding bring nie verlossing nie. Die Goeie Nuus is dat God Hom na die mens toe neerbuig, en dat ons reageer. Mensgemaakte godsdienste plaas die klem op die mens - in die Christendom is die klem op Christus se werk. Paulus sê wel dat gelowiges van hulle sondige begeertes moet afsien, maar dit is die gevolg van ons nuwe lewe in Christus, en nie die oorsaak daarvan nie. Ons verlossing hang nie af van selfdissipline of vermoë om reëls na te kom nie, maar van die krag wat daar in Christus se dood en opstanding is.
Ons kan teen mensgemaakte godsdienste waak deur die volgende vrae aan groepe te stel: (1) Plaas hulle die klem op mensgemaakte reëls en wette in plaas van op God se genade? (2) Moedig hulle 'n kritiese ingesteldheid teenoor ander aan, of dissiplineer hulle hul lede met liefde? (3) Plaas hulle die klem op "formules", geheime kennis en visioene, en nie op die Woord van God nie? (4) Het hulle hoë agting vir diegene wat hul wette nakom en heg hulle waarde aan dié soort regverdigheid, in plaas dat Christus vereer word? (5) Verwaarloos hulle Christus se universele kerk, en maak hulle daarop aanspraak dat hulle 'n elite-groep is? (6) Sê hulle dat 'n mens net geestelik kan groei as jy jou liggaam verneder, of beklemtoon hulle die groei van die hele mens? (7) Heg hulle min waarde aan die familieband, of beskou hulle dit as belangrik, soos wat die Bybel dit sien?

7 Oktober 2021
Kolossense 3:1-17
Oordenking: Ons tuiste is by Christus. (Kolossense 3:2-4)
Die Christen se ware tuiste is by Christus. Dit gee vir ons 'n heel ander perspektief ten opsigte van die aardse dinge. As ons die lewe vanuit God se perspektief wil sien, moet ons ons gedagtes met hemelse dinge vul. Dit is 'n goeie teenvoeter vir materialisme - ons sien materiële dinge in die regte perspektief as ons van God se oogpunt af daarna kyk. Hoe meer ons die lewe sien soos wat God dit sien, hoe meer sal ons in harmonie met Hom leef. Ons moenie té vas raak aan tydelike dinge nie.

8 Oktober 2021
Kolossense 3:18-4:18
Oordenking: Volhard in die gebed. (Kolossense 4:2)
Het jy al ooit moeg geword om vir iemand of iets te bid? Paulus sê jy moet volhard. Volharding is 'n teken dat ons glo dat God ons gebede sal verhoor. Ons moenie ophou glo as Hy nie dadelik antwoord nie, want Hy wag dalk omdat Hy in ons lewens wil werk. As jy weer moedeloos raak oor gebed, onthou dan dat God altyd daar is, altyd luister en altyd optree - dalk nie soos wat jy graag sou wou hê nie, maar altyd op die beste manier.

9 Oktober 2021
1 Tessalonisense 1:1-2:9
Oordenking: Paulus se bediening in Tessalonika. (1 Tessalonisense 2:5-8)
Paulus het nie die Tessalonisense gevlei nie, hy het nie hulle geld geneem nie, wou nie deur hulle vereer word nie, en was ook geen las vir hulle nie. Hy en Silas het al hulle aandag gevestig op die verkondiging van die Goeie Nuus aan die Tessalonisense. Dit was baie belangrik! Die gelowiges van Tessalonika se lewens is deur God verander - nie deur Paulus nie. Hulle het Christus se boodskap geglo - nie Paulus s'n nie. As ons vir Christus getuig, moet ons nie begaan wees oor die indruk wat ons maak nie. Ons moet die klem op Hóm laat val, en nie op onsself nie. As ons mense probeer oorreed, verander ons ons boodskap dikwels net so effens, net om dit meer aanvaarbaar te maak. Paulus het nooit sy boodskap verander nie - hy het wel sy aanbieding só verander dat dit by elke gehoor gepas het. Ons moet ons aanbieding ook by ons situasies aanpas, maar ons mag nooit die waarheid van die evangelie aanpas of verander nie.

10 Oktober 2021
1 Tessalonisense 2:10-3:13
Oordenking: Onderskraag nuwe gelowiges. (1 Tessalonisense 2:11, 12)
Geen vader wat sy kinders liefhet, sal hulle veiligheid verwaarloos nie. Hy sal hulle byvoorbeeld nie toelaat om dinge te doen wat vir hulle nadelig of gevaarlik kan wees nie. Net so moet ons nuwe gelowiges onder ons sorg hou totdat hulle volwasse genoeg is om standvastig te wees in die geloof. Nuwe Christene is gereed om op hulle eie voete te staan, as hulle só vas staan in die geloof dat hulle nie meer deur ander beïnvloed word nie, maar dat hulle ánder beinvloed.

11 Oktober 2021
1 Tessalonisense 4:1-18
Oordenking: Christelike ambisie. (1 Tessalonisense 4:11, 12)
Ambisie is 'n kenmerk waaraan die gemeenskap baie waarde heg. Die wêreld sien dit egter as 'n gedurige "klimproses", as 'n gesindheid wat verseker dat die individu net met die beste tevrede is en alles gryp wat hy kan. Al hierdie begrippe is geheel en al op die self ingestel. Die Christen se ambisie is egter om na die Koninkryk van God te streef. Christene moet nie vertonerig leef nie, maar leef om nederige diensknegte van Christus, die Here van die kerk, te wees. Ons moet alles wat ons doen, doen asof ons dit vir die Here doen. Ons moet ‘n positiewe bydrae tot ons gemeenskap lewer en die mense daarin dien. Ons moet nie bo-oor hulle loop om bo uit te kom nie.

12 Oktober 2021
1 Tessalonisense 5:1-28
Oordenking: Aanmoediging. (1 Tessalonisense 5:11)
Teen die einde van 'n marathon is 'n mens se bene seer, jou keel brand en jou hele liggaam smag na rus. Dit is dan wanneer ondersteuners waardevol is. Dan help hulle aanmoediging 'n mens om tot by die eindpunt deur te druk. Christene moet mekaar op dieselfde manier aanmoedig.
'n Woordjie van aanmoediging op die regte oomblik, kan die verskil beteken tussen oorwinning en tou opgooi. Kyk om jou. Wees gevoelig vir ander mense se behoefte aan bemoediging en bemoedig hulle dan met woorde en optrede.

13 Oktober 2021
2 Tessalonisense 1:1-12
Oordenking: Probleme versterk ons. (2 Tessalonisense 1:4, 5)
Ons sal met probleme en swaarkry te kampe hê as ons vir Christus leef. Party mense sê dat probleme die gevolg van sonde of 'n gebrekkige geloof is. Paulus leer egter vir ons dat dit 'n deel van God se plan vir gelowiges kan wees. Ons probleme help ons om na bo en vorentoe te kyk, en nie altyd na binne te kyk nie. Dit versterk ons karakters en stel ons in staat om sensitief te wees vir ander se probleme. Daar is geen manier waarop God se kinders probleme in die goddelose wêreld kan vermy nie. Jou probleme is dalk juis die bewys van jou vrugbare Christelike lewe.

14 Oktober 2021
2 Tessalonisense 2:1-17
Oordenking: Vermaning tot standvastigheid. (2 Tessalonisense 2:7-14)
Paulus het geweet dat die Tessalonisense te doen sou kry met vervolging, valse leermeesters, wêreldgesindheid, lusteloosheid en die versoeking om af te wyk van die waarheid en die rug op die geloof te draai. Daarom vermaan hy hulle om standvastig te wees en aan die ware leer vas te hou. Ons kom ook voor die versoeking te staan om van God af weg te keer. Ons moet vashou aan die waarheid wat daar in Christus se leer is - want ons lewens hang daarvan af. Moet nooit van die werklikheid van Sy liefde en lewe vergeet nie!

15 Oktober 2021
2 Tessalonisense 3:1-18
Oordenking: Bewaring teen die bose. (2 Tessalonisense 3:2, 3)
Onder die kalm oppervlakte van die alledaagse roetine, heers daar 'n dodelike stryd tussen onsigbare geestelike magte. Die krag van die bose magte kan net so verwoestend soos die krag van die wind wees. Ons sterkste wapen daarteen, is die gebed dat God ons sal beskerm en ons sterk sal maak. Gebruik die volgende riglyne om jouself teen die aanslae van die duiwel te beskerm: (1) beskou die gevaar van 'n geestelike aanslag in 'n baie ernstige lig; (2) bid God om krag en hulp; (3) bestudeer die Bybel sodat jy die satan se taktiek sal herken; (4) memoriseer Skrifgedeeltes sodat dit vir jou van hulp kan wees, waar jy ook al is; (5) soek diegene op wat die waarheid aanhang, en (6) leef die dinge uit wat die geestelike leiers vir jou leer.

16 Oktober 2021

1 Timoteus 1:1-20

Oordenking: Die kern van die Skrif. (1 Timoteus 1:6, 7)

Teologiese haarklowery, dit wil sê argumente oor die kleinste besonderhede van die Skrif, kan wel baie interessant wees, maar ook tot gevolg hê dat ons vergeet van die inhoud van God se boodskap. Die valse leermeesters van Efese het ingewikkelde stelsels vir redenasies geskep, en dan die fynste besonderhede van hulle idees oor en oor bespreek. Ons moet niks toelaat om ons aandag van Jesus Christus se Goeie Nuus af te trek nie - dít is die kern van die Skrif. Ons moet weet wat die Skrif sê, dit elke dag op ons lewens toepas, en ook vir ander daarvan leer. As ons dit doen, sal ons in staat wees om alles wat ander mense sê, in die lig van die waarheid van Jesus te beoordeel. Moenie soveel tyd aan die fynere detail van die Skrif afstaan dat jy glad nie die belangrikste waarhede wat God jou daardeur wil leer, raaksien nie.

17 Oktober 2021

1 Timoteus 2:1-15

Oordenking: Vroue in die kerk. (1 Timoteus 2:9-15)

As ons hierdie deel wil verstaan, moet ons ook die omstandighede waaronder Paulus en Timoteus gewerk het, verstaan. Vroue is nie toegelaat om te studeer in die Joodse kultuur van die eerste eeu nie. Toe Paulus gesê het dat vroue op 'n stil en onderdanige manier moes leer, het hy nuwe geleenthede vir hulle geskep. Hy wou nie hê dat die vroue van Efese ander moes onderrig nie, omdat hulle nie genoeg kennis of ervaring daarvoor gehad het nie. Die gemeente van Efese het 'n groot probleem met valse leermeesters gehad. Dit lyk asof die vroue veral vatbaar was vir misleidende leerstellings, want hulle het nie genoeg kennis van die Bybel gehad om dwalinge raak te sien nie. Daarbenewens het sommige vroue blykbaar onvanpas aangetrek om hulle nuutgevonde Christelike vryheid vir almal te wys. Hier sê Paulus vir Timoteus om niemand (in dié geval vroue) wat nog nie volwasse in die geloof is, in leiersposisies aan te stel nie. Dieselfde beginsel geld vandag nog in die kerk.

18 Oktober 2021

1 Timoteus 3:1-16

Oordenking: Vereistes vir diakens. (1 Timoteus 3:8-10)

Die naam diaken beteken "iemand wat dien". Hierdie posisie is deur die apostels in Jerusalem ingestel sodat daar omgesien kon word na die liggaamlike nood in die gemeente, veral na die behoeftes van die Griekssprekende weduwees. Diakens was ook leiers in die kerk, en moes aan soortgelyke vereistes as die ouderlinge voldoen. In baie kerke is die posisie van diaken vandag een waarin almal, selfs nuwe en jong Christene, aangestel word. Dit is nie volgens die beginsels van die Nuwe Testament nie. Paulus sê dat mense eers getoets moet word en dat hulle eers minder verantwoordelike werk moet doen voordat hulle as diakens bevestig kan word.

19 Oktober 2021
1 Timoteus 4:1-16
Oordenking: Oefen om toegewyd te lewe. (1 Timoteus 4:7, 8)
In teenstelling met wat die valse leermeesters sê, bevestig Paulus dat alles wat God gemaak het goed is. Ons moet Hom vra om die gawes wat Hy vir ons gegee het en wat vir ons vreugde gee te seën en Hom ook daarvoor dank. Dit beteken nie dat ons die dinge wat Hy gemaak het moet misbruik nie. As ons te veel eet, dan maak ons byvoorbeeld misbruik van die kos wat Hy vir ons gee; as ons wellustig is, maak ons misbruik van die gawe van liefde en as ons moord pleeg maak ons misbruik van die gawe van die lewe. Ons moenie misbruik maak van die dinge wat God gemaak het nie, maar daardie gawes geniet en in Sy diens en tot Sy eer gebruik. Het jy al vir God dankie gesê vir die goeie dinge wat Hy gemaak het? Gebruik jy daardie dinge op so 'n manier dat jy Hom eer en verheerlik? Is jy liggaamlik en geestelik fiks? Daar word vandag baie klem gelê op liggaamlike fiksheid, maar Paulus sê dat geestelike fiksheid nog belangriker as liggaamlike fiksheid is. Ons moet ons geloof laat groei en ontwikkel deur die vermoëns wat God vir ons gegee het, in diens van Sy kerk te gebruik.

20 Oktober 2021
1 Timoteus 5:1-25
Oordenking: Respekteer kerkleiers. (1 Timoteus 5:17-19)
Daar moet steun en waardering wees vir getroue, hardwerkende kerkleiers. Hulle is te dikwels die prooi van kritiek, en wel omdat die gemeentelede onrealistiese verwagtinge het. Hoe behandel jy jou kerkleiers? Vind jy graag fout, of toon jy waardering vir hulle? Ontvang hulle genoeg finansiële steun sodat hulle en hul gesinne sonder bekommernis kan leef? Jesus en Paulus het die belangrikheid van steun aan die leraars wat ons lei en leer, beklemtoon.

21 Oktober 2021
1 Timoteus 6:1-21
Oordenking: Wat ware rykdom is. (1 Timoteus 6:6-10)
Al is daar soveel dinge wat die teendeel bewys, glo die meeste mense nou nog dat geld geluk bring. Ryk mense wat net meer en meer wil hê, kan vasgevang raak in 'n kringloop wat in vernietiging eindig. Hoe kan jy verseker dat jy nie geldgierig raak nie? Paulus gee vir ons sekere beginsels om toe te pas: (1) erken dat alle rykdom eendag sal verdwyn; (2) wees tevrede met wat jy het; (3) vra jouself af wat jy sal doen om meer geld in die hande te kry; (4) sorg dat jy mense meer liefhet as geld; (5) sorg dat jy God se werk meer liefhet as geld, en (6) deel dit wat jy het vryelik met ander.

22 Oktober 2021
2 Timoteus 1:1-18
Oordenking: Paulus moedig Timoteus aan om getrou te wees. (2 Timoteus 1:6, 7)
Toe Timoteus bevestig is, het hy besondere gawes van die Gees ontvang sodat hy in die kerk kon werk. Paulus het hom aangemoedig om getrou te wees met die woorde dat hy dit "soos 'n vuur weer moet aanblaas." Timoteus het nie 'n nuwe openbaring of nuwe gawes nodig gehad nie - wat hy nodig gehad het, was die moed en selfdissipline om aan die waarheid vas te hou en die gawes wat hy reeds ontvang het, te gebruik. As hy die evangelie weer vreesloos sou gaan verkondig, sou die Heilige Gees by hom bly en vir hom die nodige krag gee. Die krag van die Heilige Gees is ook tot óns beskikking wanneer ons glo. Ons kan ook vrugbare en getroue dienaars wees op die gebied waartoe God ons geroep het as ons net op die krag van die Gees staatmaak.

23 Oktober 2021
2 Timoteus 2:1-26
Oordenking: Ly soos 'n goeie soldaat vir Christus. (2 Timoteus 2:3-7)
Timoteus sou in die loop van sy prediking baie moes ontbeer, maar Paulus sê dat hy bereid moet wees om dit vir Christus te doen. Dit is nie net Christenleiers wat swaarkry nie. Soldate, atlete en boere moet almal gewillig wees om opofferings te maak as hulle resultate wil behaal; hulle moet almal selfdissipline toepas. Ons moet soos soldate wees, die sekuriteit van hierdie wêreld prysgee, en ons aan strawwe dissipline onderwerp. Ons moet soos atlete wees, hard oefen en die reëls nakom. Ons moet soos boere wees en baie hard werk. Al moet ons swaarkry moet ons aanhou en ons hoop vestig op oorwinning, 'n eerste plek en 'n goeie oes. Die doel om God te verheerlik, mense vir Christus te wen en eendag vir ewig by Hom te leef, maak enige mate van swaarkry die moeite werd.

24 Oktober 2021
2 Timoteus 3:1-17
Oordenking: God se Woord - ons toerusting. (2 Timoteus 3:17)
Ons moet nooit in ons ywer ten opsigte van die waarheid van die Skrif, vergeet wat die doel daarvan is nie: om ons só toe te rus, dat ons goed kan doen aan ander. Ons bestudeer God se Woord nie net om ons eie kennis uit te brei of ons in staat te stel om redenasies met ander mense te wen nie. Ons bestudeer dit ook nie in die eerste plek om te leer hoe om verlos te word nie - die meeste mense word immers gered nog voordat hulle die Bybel in diepte begin bestudeer. Ons bestudeer die Skrif sodat ons kan leer hoe om Christus se werk in die wêreld te doen. Ons kennis van God se Woord is ook nie nuttig tensy ons dit gebruik om aan ander goed te doen nie.

25 Oktober 2021
2 Timoteus 4:1-22
Oordenking: Paulus weet dat sy dood naby is. (2 Timoteus 4:5-8)
Paulus kon teen die einde van sy lewe met vertroue sê dat hy getrou was aan sy roeping. Hy was dus heeltemal kalm oor sy naderende dood - hy het geweet dat hy met Christus se wederkoms beloon sou word. Berei jou lewe jou op die dood voor? Sien jy ook, soos Paulus, met vertroue daarna uit om Christus te ontmoet? Die Goeie Nuus is dat die hemelse beloning nie beperk is tot geloofshelde soos Paulus nie, maar wag op almal van ons wat "met verlange uitsien" na Jesus se wederkoms. Paulus het hierdie dinge gesê om vir Timoteus, én vir ons, aan te moedig om aan te hou veg - hoe moeilik dit ook al mag wees. As ons by Jesus Christus is, sal ons weet dat dit alles die moeite werd was.

26 Oktober 2021
Titus 1:1-16
Oordenking: Vereistes vir kerkleiers. (Titus 1:5-9)
Paulus beskryf hier watter eienskappe 'n ouderling moet hê. Hy het ook vir Timoteus 'n soortgelyke omskrywing gestuur vir die kerk in Efese. Jy sal sien dat die meeste van die eienskappe te doen het met die ouderling se karakter, en nie met sy kennis of vaardigheid nie. Mens se lewenswyse en jou verhoudings is 'n spieël van jou karakter. Dink na oor hierdie eienskappe as jy weer iemand vir 'n leiersposisie oorweeg. Dit is baie belangrik om ouderlinge te hê wat die Woord van God met vrug kan verkondig. Maar dit is nog belangriker om ouderlinge te hê wat die Woord uitleef en vir ander voorbeelde kan wees.

27 Oktober 2021
Titus 2:1-15
Oordenking: Die gemeenskapslewe in die kerk. (Titus 2:1-8)
Daar is in die meeste kerke mense van alle ouderdomsgroepe. Dit versterk die kerk, maar kan ook probleme skep. Daarom het Paulus vir Titus gesê hoe hy vir die verskillende groepe kon raadgee. Die ouer mense moes die jonges deur woord en voorbeeld leer. Paulus het Titus ook aangemoedig om 'n goeie voorbeeld te wees, sodat die ander sy goeie dade kon sien, en sy voorbeeld kon volg. Sy lewe sou krag aan sy woorde gee. As jy wil hê dat iemand op 'n sekere manier moet optree, moet jyself ook so optree en so leef. Dan kan jy daarop aandring dat hy na jou luister.

28 Oktober 2021
Titus 3:1-15
Oordenking: Redding en die Heilige Gees. (Titus 3:3-8)
Paulus som hier op wat Christus vir ons doen as Hy ons red. Ons beweeg van 'n lewe vol sonde, tot 'n lewe onder die leiding van God se Heilige Gees. Al ons sondes - nie net party nie - word weggewas. Ons kry die ewige lewe, en al die onskatbare kosbaarhede wat daarmee saamhang. Ons beskik oor die volheid van die Heilige Gees, en Hy vernuwe voortdurend ons harte. Ons kry nie een van hierdie dinge omdat ons dit verdien of daarvoor gewerk het nie - alles is 'n genadegawe uit God se hand.

29 Oktober 2021
Filemon 1:1-25
Oordenking: Onesimus 'n mede-Christen. (Filemon 1: 16, 17)
Onesimus se status as Christen het sy verhouding met Filemon ingrypend verander. Hy was nie meer net dienskneg nie, maar ook 'n broer. Onesimus en Filemon was nou albei lede van God se familie en dus was hulle gelyk voor Christus. 'n Christen se status as een van God se familielede, is belangriker as alle ander verskille wat daar tussen Christene kan wees. Sien jy neer op enige mede-gelowige? Onthou dat hulle jou broers en susters is en dat jy en hulle gelyk is voor Christus. Die manier waarop jy jou broers en susters in die familie van Christus behandel, weerspieël jou Christelike toewyding.

30 Oktober 2021
Hebreërs 1:1-14
Oordenking: God se Seun is God se openbaring. (Hebreërs 1:1, 2)
God het Sy boodskappe in die Ou Testamentiese tyd op verskillende maniere aan die mense oorgedra. Hy het deur visioene met Jesaja gepraat, Jakob weer het 'n droom gehad, en met Abraham en Moses het Hy self gepraat. Vir die Jode wat hierdie verhale geken het, sou dit nie moeilik gewees het om te aanvaar dat Hy nog steeds Sy wil openbaar nie. Maar hulle was baie verbaas oor die gedagte dat Hy Homself in Sy Seun, Jesus Christus, geopenbaar het. Jesus is die vervulling, die hoogtepunt van al God se openbaringe deur die eeue heen. Hy is die volle openbaring van God. Jy kan God nie duideliker sien as wat jy Hom in Jesus Christus sien nie. God word ten volle in Hom vergestalt.

31 Oktober 2021
Hebreërs 2:1-18
Oordenking: Christus die enigste Weg tot God. (Hebreërs 2:3)
Die deurlopende tema van die Hebreërbrief, is dat Christus oneindig groter is as enige ander manier om te poog om toegang tot God te verkry. Die skrywer sê vir sy lesers dat hulle geloof in die verlede goed was, maar Christus is soveel groter, dat daar geen vergelyking is nie. Christus is baie belangriker as die engele en net so is Sy boodskap baie belangriker as húlle boodskappe. Moenie jou rug op Christus keer in 'n poging om van probleme af weg te kom nie. Die enigste manier om daarvan weg te kom, is om ná Hom toe te vlug.